

Vrydag 26 Mei

Skrifgedeelte: Esegïel 37:1-14

Fokusgedeelte: Handeling 2:2

Die windkrag van die Gees: die nuwe lewe

Aan die vooraand van die winter voel jy die wind, wat elke koue front aanblaas, aan jou lyf. Dan wil jy binne-in jou huis wees.

Die gelowiges was in die bovertrek waar hulle gewoonlik in Jerusalem bymekaargekom het. Die Joodse Pinksterfees sou môre begin. Die 50ste dag nadat met die koringoes begin is (Deut. 16:9). Pinkster is die dankdag vir die oes wat die Here gee. In Jerusalem was baie Jode vanuit al die streke byme-kaar, besig om voor te berei om die voorgeskrewe offers vir die Pinksterfees te bring.

Ingrypend, onverwags die geluid van 'n stormwind. Dit eggo uit al die windrigtings. Nee, daar was nie 'n stormwind nie. Die Heilige Gees werk nie soos 'n stormwind nie. God kom tot Adam in die aandbriesie (Gen. 3:8). God kom tot Dawid in die windgeritsel van die toppe van die melkbosse (2 Sam. 5:24). God kom tot Elia in 'n sagte windgesuis (1 Kon. 19:12). God sê immers deur die profet Sagaria dat Hy nie deur mag en geweld werk nie, maar deur sy Gees (Sag. 4:6).

In Jerusalem hoor hulle die dawerende eggo. Die een windrigting “beantwoord” die ander windrigting. Die volmaakte offer het Jesus Christus gebring. Met sy opstanding is die sonde en dood oorwin. Aan die regterhand van God – sy offer is as die volkome versoening vir sondaars aanvaar.

Nou voorsien God self die dankfees. In die Gees wat uitgestort word. Dit word uit al die windstreke gehoor, vir almal wat uit al die streke in Jerusalem byme-kaar was. Nie gewelddadig nie, maar tog onweerstaanbaar kragtig. Die hele bovertrek word met 'n lieflike balsemreuk gevul (Hand. 4:16), die vrug van die offer: die nuwe lewe!

Van nature is die mens dood (Ef. 2:1; Eseg. 37). Die doodsreuk van die sonde vul sy omgewing. Dan hoor hulle egter die Gees uit die vier windrig-tings. En daar kom lewe!

Dit is die kragwerking van die Gees ... wat ook in my en jou aan die werk is.

Sing: Psalm 30:3 (1936)

Ds. CA (Carel) Jansen (Secunda)